# Jesaja 6:1-13 Leef jou roeping I Londen, 1 Februarie 2015

*Praat oor campaign en jaar-roeping-reeks* slide
slide **Tema 1: Leef jou roeping I** ***video-clip?***

**God se roeping** maak aanspraak op elke terein van ons lewe – slide dit is nie 'n nuwe manier om die mens te word wat ek graag wil wees en vervulling te kry in my behoeftes en te voel ek het waarde en my selfbeeld kry 'n boost en ek vervul my potensiaal nie
Dit is nie 'n nuwe self-verbeteringskema nie waarin God my drome gaan waar maak nie
**It's not about us!!**

**Skriflesing en prediking** slide
**Ons word geroep deur 'n heilige God** slide
Engele sing oor God se heiligheid en val voor Hom neer
Engele wat die heel tyd in sy teenwoordigheid is... raak nie gewoond daaraan en word blasé nie!
Bedek hulle gesigte en voete met hulle vlerke... **Moses Ex 34:28-35** gesig blink nadat hy in God se twh was, daarom bedek engele hulle gesigte – **v 2**
En sing al hoe harder: "**Heilig, heilig, heilig** is die Here die Almagtige..." **v 3**
Jesaja ontdek dat die afstand ts hemel en aarde, ts God en mense word eintlik al hoe groter
**Ons is allergies vir heilig-wees** – neg konnotasies - Afsonder = ontttrek of Suiwer = sondeloos
Wil nie na verwys word as heilig nie...
Eerder – Anders en spesiaal = gereedmaak, voorberei vir besondere gebruik – wat 'n verskil maak...
**Wanneer laas het jy onder die indruk** gekom of is jy oorweldig deur God se grootheid en heiligheid...?
Wanneer laas het jy op jou kniee gestaan afgebuig omdat jy oorweldig is deur God wat heilig is...?
Bevrees ons godsdiens **draai soms meer oor wat kan vir my werk** en hoe pas ek God in by my planne en my besige en vol programme... en waarmee ek gemaklik is... en wat is die minste waarmee ek kna wegkom net om nie te skuldig te voel nie... slide
Ons vra baie eerder en baie makliker na **hoe God en my geloof my kan help**... om my ideale te bereik, sodat goed in my lewe vir my uitwerk
Ons vra soms baie keer oor kerk – wat kan ons doen om mense te trek, wat moet ons verander... hoe moet ons vir mense 'n goeie ervaring skep... wat gaan vir hulle dit makliker maak... hoe kan kerk vir my werk?
Jammer: dit is verkeerd
As die fokus is op ons – dan is dit verkeerd – die fokus moet wees op hierdie heilige God wat ons dien...
Eers dan kan jy sy plan en roeping vir jou lewe raaksien en hoor...
**Heiligheid beteken ook– hier is 'n nuwe koning** - In die **sterwensjaar van koning Ussia**, sien Jesaja God op hoë troon – **v 1**
Troon is leeg, maar God sit op sy verhewe troon, Hy is nog steeds koning en niks wat op aarde gebeur, nie eers die dood van die koning gaan dit verander nie!!
**Koning verteenw** stabiliteit, sekerheid, voorspoed en vrede – nou weg...
Die ou koning is dood, alles wat in jou lewe koning is, moet sterf
Moet nuut hoor: **God sit nog op troon** – tsv wat rondom & met ons gebeur, God regeer nog steeds, en Hy gaan altyd en vir ewig regeer
En in jou lewe wil Hy Koning word
**Troon staan in tempel v 1b** – beste bewys van heerskappy – *kerke, gemeentes* - **Groter en heiliger en baie belangriker** as wat ons dink of soms wil erken, mag dit nooit vergeet nie
**Dit is hier waar Hy sy heerskappy wil vestig**
God se heiligheid maak nooit dat Hy Homself onttrek nie - **v 3 –** sy kleed vul tempel, God is hier
SY HEILIGHEID BY ONS, MAAK ONS ANDERS...

**En ons eerste reaksie is**, veronderstel om te wees: **Here, ek is sondig!** slide

Want as ek myself voor hierdie groot en almagtige en heilige Koning kom neersit – is ek niks, het ek niks om op te roem nie – is al wat ek raaksien hoe vuil ek is...

Dit oorweldig vir Jesaja - ek kna nie hier wees nie, hierdie God kan nie met my werk nie, daar is net soveel in my lewe nie reg nie – **v 5**

*Dink soms dat ons omdat ons skuldig of nie goed genoeg voel, sonde het, ons liewers gaan wegbly – asof dit gaan help!! Vererger jou eensaamheid...jou skuldgevoelens...*

Sy heiligheid konfronteer my met ware **toestand van my lewe - v 5**

"Ek kan nie... verander... verdiep... nie in God se tw inkom..."

Heiligheid het **alles uit te waai met my eie eerlikheid oor die werklike toestand van my lewe** – as ek nie eerlik gaan wees nie, gaan God se roeping op my lewe geen impak maak nie...gaan ons ons roeping mis, gaan ek nie my roeping kan leef nie

God se plan – skoon word, **reiniging... v 7**, slide skoon kom, nuut word, waar ek begin verander – anders kan God my nie gebruik enek nie reageer op sy roeping nie... nie tevrede met hoe en wie ons is nie

En ons moet hoor en ontdek hoe God die inisiatief neem en kom en ons skoon maak – Hy stuur 'n engel met 'n kool vuur om my te reinig – skoon word is God se plan vir jou, om as vergewe te lewe is God se roeping op jou lewe... en dit is seer, brand – gloeiende kool, het 'n prys...

Maar God oorbrug die afstand ts ons en Hom – presies wat Jesus kom doen het!!

En nou: **Leef jou roeping, want jy is skoongemaak**

**En ons tweede reaksie is,** veronderstel om te wees**: Hier is ek, stuur my!** slide

**Hoe leef ek my roeping: "Hier is ek, stuur my..."**

**Eerste keer dat God praat**, tot nou toe nog niks gesê nie... wat sê die Here...: "Wie sal Ek stuur?"

Onthou – **God skep deur sy woorde** en ook hier: hierdie roeping is 'n skeppings-handeling

Jou roeping is die manier waarop God jou gaan herskep, nuut gaan maak... ***opwindend***

**God vra gewilligheid**

En die punt is nie, my gemak en my aansien in ander se oë nie – my boodskap gaan nie mense verander nie... dit gaan nie eensklaps mense tot inkeer bring nie – jou boodskap gaan geen effek hê nie – jou selgroepmense gaan nie verander nie, mense gaan nie soos domino's skielik val omdat jy geval het en nou begin praat nie... **v 9-10** slide

Dis **nie 'n towerstaf** en towerformule nie... nie 'n quick-fix nie!!

Ongelukkig gebruik ons godsdiens soms so – God moet vir my gee wat ek vra – NOU, en as ek dit nie kry nie, dan is ek kwaad vir God – asof geloof draai om wat God vir my moet gee!!!

**God vra gehoorsaamheid**

En ons gehoorsaamheid hang nie af van die resultate wat ons probeer bewerkstellig nie

"Jesaja, hou aan praat – nie omdat mense luister en hulle daaraan steun nie, hulle gaan nie – maar dis nie die motivering nie – wees gehoorsaam aan hierdie heilige God..."

Want daar gaan 'n punt kom – **v 11-13**, waar mense nêrens het om heen te gaan nie – vasgeloop is – *ons wil mos ongelukkig eers in 'n doodloopstraat wees voor ons besef dat ons nêrens anders om heen te gaan nie*

Want daar gaan 'n punt kom in elkeen se lewe, as alles wat jy op bou afgekap gaan word en net 'n stomp gaan oorbly... en selfs daardie punt vir God is nie die einde nie – net 'n nuwe begin

En dan is jy daar, want jou God is die heilige Koning en Hy leef

**God is heilig en hierdie Heilige God roep jou:**

- **Om skoon te kom**
- **Om gewillig en gehoorsaam te wees...**